

Graad 4
Afrikaans

Kwartaal 2 (Term 2) Week 9
Werkboek (Workbook)

DAG 1 : OEFENING – DAY 1 : ACTIVITY

Leesbegrip – Florence Nightingale
A.S.G. bladsy 96 – 97

Datum : _____
Week 9



Florence Nightingale – 'n heldin

Florence Nightingale is in 1820 in die stad Florence in Italië gebore. Haar ouers het haar Florence genoem.

Toe sy 24 jaar oud was, het sy 'n verpleegster geword. Haar droom was om siek mense te help. Die hospitale in daardie tyd was baie vuil en oorvol. Daar was ook nie genoeg verpleegsters en medisyne nie.

96

In 1854 was daar 'n oorlog. Florence het oorlog toe gegaan om soldate te verpleeg. Sy het ander jong meisies gekry om haar te help. Florence was 'n voorbeeld vir almal. Sy was goed vir die siek mense. Sy het alles vir hulle gedoen en baie soldate se lewens gered.

Florence Nightingale het die naam "Die vrou met die lamp" gekry, want sy het snags met 'n lamp die siekes besoek – sy het lig in hulle lewe gebring.

Haar storie word vandag nog vertel. Sy het wonderlike werk gedoen en was 'n heldin.

Vrae (Skryf jou antwoord in 'n VOLSIN):

1. Wanneer was Florence Nightingale gebore?
   Florence was in 1820 gebore.

   (1)

2. Waar was sy gebore?
   Florence was in die stad Florence in Italië gebore

   (2)

3. Wat het sy gedoen toe sy 24 jaar oud was?
   Toe sy 24 jaar oud was, het sy 'n verpleegster geword.

   (1)

4. Wat was Florence se droom?

Florence se droom was om siek mense te help.

(1)

5. Wat dink jy was fout met hospitale gedurende daardie tyd? Noem vier probleme.

Gedurende daardie tyd was die hospitale baie vuil en oorvol en daar was ook nie genoeg verpleegsters en medisyne nie.

(4)

6. Hoekom het Florence oorlog toe gegaan?

Florence het oorlog toe gegaan om soldate te verpleeg.

(1)

7. Hoekom was Florence 'n goeie voorbeeld vir almal?

Florence was 'n goeie voorbeeld vir almal, want sy was goed vir die siek mense, sy het alles vir hulle gedoen en baie soldate se lewens gered.

(2)

8. Hoekom het Florence die naam "Die vrou met die lamp" gekry?

Florence het die naam "Die vrou met die lamp" gekry, want sy het snags met 'n lamp die siekes besoek.

(2)

9. Gee die Engelse woorde vir die volgende:

9.1 verpleegster - nurse

9.2 medisyne - medicine/s

9.3 oorlog - war (3)

10. Soek die ANTONIEME (opposites) van die volgende woorde in die storie.

10.1 gesond (paragraaf 2) - siek

10.2 skoon (paragraaf 2) - vuil

10.3 niks (paragraaf 3) - alles (3)

DAG 2 : OEFENING – DAY 2 : ACTIVITY

Instruksies– Hoe om jou hande te was

Datum : _____

Week 9

Jy kan ook 'n held wees. Maak seker dat jy gesond hou en nie kieme na ander mense versprei nie.

Kyk na die videos oor handewas.
Watch the YouTube videos about how to wash your hands.

Beskryf hoe om jou hande te was.
Explain the steps to washing your hands correctly.

1

Maak jou hande nat met water.

(Wet your hands with water)

2

Gebruik seep om jou hande skoon te maak.

(Use soap to clean your hands)

3

Was jou hande, vingers en duime vir 20 - 30 sekondes

(Wash your hands, fingers and thumbs for 20 - 30 seconds)Draii

4

Spoel jou hande af. Draai die kraan af.

(Rinse your hands and close the tap)

5

Maak jou hande droog met 'n skoon handdoek/papierhandoek.

Dry your hands with a clean towel/paper towel.

DAG 3 : OEFENING – DAY 3 : ACTIVITY

Taalleer – Homofone

Datum : _____

Week 9

Wat is 'n HOMOFOON?

Woorde wat dieselfde klink, maar verskil in spelling en betekenis.

Words that sound the same but differ in spelling and meaning.

klere - clothes	kleure - colours
rys - rice	**reis - travel**
voet - foot	**voed - feed**
	

Oefening: Voltooi die volgende sinne met die korrekte woord

1. Ek trek warm (klere /kleure) klere aan, want die wind waai.
2. Die reënboog het pragtige (klere / kleure) kleure.
3. Ek het al my (rys / reis) rys geëet.
4. Ons (rys / reis) reis baie oorsee na Engeland.
5. Ek het my (voet / voed) voet gestamp,
6. Met 'n sak rys kan jy baie mense (voet / voed) voed.